dagstukkies met Dennis

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

22 JULIE 2019

Matteus 6:14 -15: #Vergifnis
"As julle ander mense hulle oortredings vergewe sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie."

Vergifnis is een van die dinge wat die vyand ver van 'n mens wil weghou, want hy wil hê dat ons 'n gevangene van onvergewingsgesindheid moet wees. Vergifnis is een van die belangrike sleutels vir 'n oorwinningslewe, daarom het Jesus gesê: "Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe." Wanneer ons hierdie skrifgedeelte verder lees, sien ons daar 'n voorwaarde, 'n waarskuwing hieraan gekoppel. Matteus 6:15 verklaar: "Maar as julle nie die mense hulle oortredinge vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge nie vergewe nie."

Baie keer moet 'n mens jou reg af gee tot behoudings van ander om hulle te vergewe al was jy nie skuldig nie. Dit is juis by die punt waar mense weier om die een en die ander te vergewe, veral die een wat hom seergemaak het. Hoe baie mense is die ewigheid in sonder dat hulle die ander vergewe het. Die geheim is eintlik dat as jy wil hê dat God jou moet vergewe, dan moet jy bereid wees om selfs jou vyand te vergewe en in vrede te lewe.

Vrede / Shalom